



Voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastoor: uitdagings in die nuwe millennium

A.P.J. Putter & G.A. Lotter
Fakulteit Teologie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: andriesputter@absamail.co.za
george.lotter@nwu.ac.za

W.J. Hattingh
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Johannesburg
JOHANNESBURG
E-pos: principal@afmtc.org

Abstract

Continual academic development of the AFM pastor: challenges in the new millennium

This article entails a cursory investigation of the history of theological training of the Apostolic Faith Mission pastor (hereafter AFM). Qualitative research done on a section of the broader membership of the AFM selected by the AFM head office has indicated the task and role expected of the pastor. The research pointed out that pastors should be continuously equipped to be able to successfully fulfil all their role expectations. A literature search was also undertaken in order to obtain a larger and representative picture of the ongoing training of pastors. The literature research indicated that theological training worldwide is under investigation and that active steps are being taken to introduce appropriate effective training. The findings regarding the pastor's theological training, the research and the literature control, have made it possible to propose guidelines for continued academic development. The purpose of this article is to show the present position of theological training in the AFM and to provide guidelines for role players that will keep them informed concerning continued academic development. This will enable pastors to stimulate congregational growth and address different training needs.

Opsomming

Voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastoor: uitdagings in die nuwe millennium

In hierdie artikel is die teologiese opleiding van die pastoor van die Apostoliese Geloof Sending (hierna die AGS) kursories ondersoek. Kwalitatiewe navorsing wat gedoen is met 'n gedeelte van die breër AGS-lidmate en wat deur die AGS se hoofkantoor geselekteer was, het gewys op die taak en rolverwagtings van die pastoor. Die navorsing het verder getoon dat pastore deurlopend toegerus moet word ten einde suksesvol aan al die rolverwagtings te kan voldoen. Ten einde 'n groter en duideliker beeld van die voortgesette opleiding van pastore te verkry, is 'n literatuurkontrole gedoen. Die literatuurkontrole het aangetoon dat teologiese opleiding wêreldwyd onder die loep kom en dat daar daadwerklik pogings aangewend word om toepaslike effektiewe opleiding in te stel. Die bevindings van die pastoor se teologiese opleiding, navorsingsondersoek en die literatuurkontrole, kan tot sinvolle riglyne vir voortgesette akademiese ontwikkeling bydra. Die doel van hierdie artikel is om aan te toon wat die huidige stand van teologiese opleiding binne die AGS is en om riglyne aan rolspelers te voorsien wat voortgesette akademiese ontwikkeling vir die pastoor behels. Dit sal pastore in staat stel om gemeentegroei te stimuleer en verskillende opleidingsbehoefte te hanteer.

1. Inleiding

Daar is tans na raming 2 000 geordende, nie-geordende en geaf-filieerde pastore in 1 800 AGS-gemeentes wat 1,3 miljoen lidmate bedien (De Witt, 2008). Die aantal pastore in 2005 was 1 850 (AGS, 2005:34). 'n Gemiddeld van 50 pastore per jaar is die afgelope drie jaar opgelei. Pastore se opleiding vir toelating tot die bediening wissel van 'n eenjaar- (nie-geordende) sertifikaat tot 'n honneursgraad in teologie wat by verskillende instellings met verskillende standaarde en kultuuragtergronde aangebied word.

Pastore wat hulle teologiese studie voortsit, kon ervaar dat die Aucklandpark Teologiese Seminarium (hierna die ATS), in same-werking met verskeie universiteite, uit hulle pad gaan om studente te help en te mentor met kursusse wat pastore toerus om effektief bin-ne hulle rolverwagtings te funksioneer (Maré, 2005:437-441; Putter, 2006:188-192; Olwagen, 2007:1-9). Hierdie artikel poog om die huidige stand van teologiese opleiding binne die AGS aan te toon. Tweedens wil dit aan rolspelers riglyne voorsien wat voortgesette akademiese ontwikkeling vir die pastoor bevorder. Die riglyne kan

tot persoonlike verryking vir die pastoor lei, gemeentegroei bevorder en vele opleidingsbehoefte aansny. Om hierdie doelwitte te bereik, gaan belangrike konsepte onderliggend aan die navorsing eers kortliks ondersoek word.

2. Geskiedenis van opleiding van die AGS-pastoor

Die geskiedenis van teologiese opleiding in die AGS (vgl. Putter, 2006:15-80) wys op moontlike redes waarom teologiese opleiding in die wiede gery is (en word):

2.1 Onvoldoende toerusting, tyd, geld, onkunde oor nuwe studierigtings asook hoë verwagtings wat lidmate aan pastore stel

Die enkele pastoorsbidure wat pastore binne die AGS se geografiese streeksverband bywoon, word nie as voldoende beskou om hulle effektief binne die onderskeie rolverwagtings te laat funksioneer nie (Putter, 2006:1). Die verskillende tipes pastoorsopleiding vir toelating tot die bediening bemoeilik die eenheid en samewerking tussen die onderskeie kolleges wat by voortgesette akademiese ontwikkeling betrokke is (Erasmus, 1996:94). Onkunde by pastore oor formele tersiêre en nuwe studierigtings, 'n gebrek aan tyd en finansies en druk van bestuursrade op pastore om eerder met gemeenteaktiwiteite besig te bly (Erasmus, 1990:122-126; Van den Berg, 1991:141; Olwagen, 2003:2-3; Putter, 2003:1-3), bring mee dat hulle nie hulle akademiese studie voortsit nie. Die gebrek aan voortgesette opleiding, die toename in pastore se uiteenlopende verpligtings deur die jare en die feit dat hulle die spil is waarom gemeenteaktiwiteite draai, bring mee dat uitbranding 'n al hoe groter probleem onder pastore word (vgl. Scholtz, 1996:8; Erasmus, 1990:125-126).

2.2 Die politieke situasie in die land

Baie jare se teologiese opleiding, veral van swart studente, is gerem deur die invloed van die staat se groepsgebiedewette, deurdat die plek van opleiding gedurig verskuif of gesluit is (NSWR, 1964:109; NSK, 1964:108). Toelatingsvereistes het gewissel na gelang van ras en agtergrond. Die swart afdeling van die AGS het besliste hindernisse ten opsigte van akademiese ontwikkeling beleef (Erasmus, 1996:12). Dieselfde verskynsel is ook in die onderwys waargeneem deurdat die Wet op Swart Onderwys (47/1953) swart onderwys onder die beheer van die sentrale owerheid geplaas het (Zwemstra, 2007:144). Swart skole in blanke gebiede is gesluit en sending-

organisasies se beheer oor swart skole is weggeneem (Terreblanche, 2002:334). Gedurende 1948-1994 het die regering ook tien keer meer geld aan blanke opleiding as aan swart bemagtiging spandeer (Thompson, 1990:196-197).

2.3 Moeilike ekonomiese toestande in Suid-Afrika

Finansies het 'n groot rol gespeel in die gereelde sluiting van opleidingsinstansies van die AGS. Die AGS was op die punt van bankrotskap as gevolg van die skuld wat die uitvoerende gesag van die AGS in 1929 aangegaan het om die hoofkantoor te vergroot (vgl. Burger, 1987:264-267). Talle lidmate van die AGS het uit die kerk bedank uit vrees dat die AGS as 'n publieke instansie hulle persoonlike finansies sou beïnvloed. Die invloed van die depressie en die finansiële krisis waarin die kerk haar bevind het, het daartoe bygedra dat gemeentes se inkomste sodanig gedaal het dat die voltydse werkers van die kerk nie maandeliks betaal kon word nie. Die gevolglike finansiële krisis waarin die kerk hom bevind het, het verder daartoe bygedra dat die pastoor se teologiese ontwikkeling skade gelei het (NBUR, 1932:1285; Burger, 1987:235-267).

2.4 Meningsverskille oor binne- en buitemuurse studie veroorsaak dat afstandsonderrig afgeskeep word

Die vierde Bybelkollege van die AGS wat deur dr. F.P. Möller in 1950 op die been gebring is, was aanvanklik 'n korrespondensiekollege (vgl. NBUR, 1950:3524). Die studentetal het vinnig toegeneem en teen 1954, toe die kollege 'n binnemuurse departement begin het, was daar reeds 325 studente wat vir die korrespondensiekursus ingeskryf het (NBUR, 1954:4272).

Ongelukkig is daar, met die oornome van pastoor F.H.J. Cronjé as hoof in 1969, meer op binnemuurse opleiding gefokus en is afstandsonderrig as opleidingsmetode afgeskeep (vgl. Erasmus, 1996:112). In 1976 het Cronjé verklaar dat die hoof funksie van die kollege die aanbieding van binnemuurse studies is. Afstandsonderrig as alternatiewe opleidingsmetode is selfs nie eers deur hom genoem nie (vgl. Cronjé, 1976:38).

Die Kollege se komitee was veral in die sewentigerjare van mening dat binnemuurse studie beter opleiding as korrespondensiestudie bied (NKK, 1970:1). Die Blanke Uitvoerende Raad van die AGS het in 1969 'n ouderdomsbepערking vir die korrespondensiekursus ingestel; slegs studente bo 35 jaar is tot korrespondensiestudie toegelaat (NBUR, 1969:7563). Hierdie besluit het ongelukkig veroorsaak

dat die groter geleentheid wat korrespondensieopleiding vir studente sowel as die teologiese instansie kon inhou, nie benut is nie. Korrespondensieopleiding se grootste waarde lê immers in die feit dat dit, enersyds, studie binne die bereik van meer studente plaas en die plaaslike gemeentes as vennote betrek en andersyds, dat dit die teologiese instansie sigbaarder maak en groter finansiële steun moontlik maak (Putter, 2006:44).

2.5 Spanning tussen geestelike ervaring en akademiese opleiding

Vir jare was daar meningsverskille daaroor of 'n Bybelskool regtig vir die AGS nodig was. Die argument daarteen was dat die "Heilige Gees ons moet lei en dat ons nie gelei moet word deur 'n aangeleerde bediening nie" (NBWR, 1936:1726). As alternatief is voltydse werkers soms gevra om jong werkers onder hulle sorg te neem en hulle vir die werk van die Here op te lei (NBWR, 1936:1730).

Teologiese opleiding is vir baie jare nie onder pastore aangemoedig nie, vanweë 'n groot mate van weerstand teen formele opleiding. Enigeen wat daartoe geroepe gevoel het en bereid was om hulself tot "die lewe in die geloof" te verbind, kon tot die bediening toetree (vgl. Hölscher, 1976:117). Hierdie weerstand wat lede van die AGS teen formele opleiding getoon het, kan deels toegeskryf word aan hulle siening dat opgeleide predikante, ten spyte van hulle geleerdheid, nie daarin kan slaag om mense tot 'n ontmoeting met God te lei nie. In teenstelling daarmee was dit dikwels ongeletterde "leekwerkers" wat die Woord eenvoudig en kragdadig verkondig het (vgl. Van der Spuy, 1985:106).

Cronjé (1979:46), wat heelwat gedoen het om teologiese opleiding in die AGS te bevorder, het gepoog om die dualistiese spanning tussen die akademie en die geestelike belewenis uit die weg te ruim. Sy ideaal was dat die akademiese standaard van die Kollege goed met dié van B.D.-studente aan 'n universiteit moes vergelyk. Hy het nogtans die salwing van die Heilige Gees só beklemtoon, dat geestelikheid vir die kollege bo wetenskaplike kennis verhewe was. Hy het daarom verklaar dat die B.D.-kursus net by eksegeese meer werk vereis, waarin die "Pinksterman" nie so baie oefening nodig het nie: "Die Heilige Gees is tog die grootste openbaarder van waarheid, waarvan die toepassing van wetenskaplike kennis in die verband, maar slegs inleidend van aard is." (Cronjé, 1979:46.) Sy standpunt het egter die idee geskep dat openbaringskennis via die Heilige Gees belangriker is as wetenskaplike Bybelse eksegeese. Die gevolg

sou wees dat die studie van Grieks, Hebreeus, hermeneutiek, inleidende teologie en eksegeese van die Ou- en Nuwe Testament as minder belangrik gesien word. Aan die ander kant sou dogmatiek en praktiese teologie beklemtoon word, omdat dit gesien is as die verklaring van openbaringskennis en die toepassing daarvan.

Die spanning tussen geestelike en akademiese vereistes veroorsaak steeds debatte in die AGS (Putter, 2006:184). Daar is gedurig onsekerheid by belangrike rolspelers binne die AGS oor hoe voornemende pastore in die toekoms opgelei moet word. Daar word gereeld in privaat gesprekke onder pastore gesê: “Teologiese studente moet as pastore opgelei word en nie as teoloë nie.”

2.6 Botsende houdings van die AGS en die samelewing

Teologiese opleiding was nie in die vroeë jare ’n voorvereiste vir die bediening in die AGS nie. Om toegelaat te word tot die bediening moes ’n voornemende kandidaat “geroep” wees, ’n salwing dra en aansoek doen om tot die bediening toe te tree. ’n Persoon se bediening is bevestig deur die uitreiking van ’n sertifikaat deur die Uitvoerende Raad (Van der Spuy, 1985:105-106; NBUR, 1909:24; 35). Die noodsaaklikheid van Bybelopleiding is uitgewys, maar dit was duidelik dat dit Bybelkennis moes wees (volgens die AGS se destydse standpunt) en nie soseer teologiese opleiding soos in ander kerke nie (Erasmus, 1996:13). Hierdie gesindheid het lede van die AGS die gevoel van verheuenheid bo ander kerke gegee. Die krag van God om te genees, wonderwerke te doen en om die doping van die Heilige Gees by wyse van die spreking in ander tale te ervaar, is as belangrik beskou; die houding was een van teenkanting teen teologiese opleiding (Van der Spuy, 1985:107). Volgens Eybers *et al.* (1978:174) het “(p)inkstermense in die ontstaansjare van die AGS nooit veel belangstelling in die akademies-teologiese besinning getoon nie”. Die ingesteldheid rakende die akademiese ontwikkeling van die pastoor en hulle aanspreekvorm as *pastoor*, het eers na bykans vyf dekades in die AGS ontwikkel (NBUR, 1957:(19)4919; Burger, 1987:306).

Die botsende houdings van die AGS en die samelewing het steeds bly voortduur. Pastore en lede kon dikwels nie in skoolrade en ander gemeenskapsrade dien nie en die gebrek aan teologiese opleiding het ook dikwels verhinder dat pastore as huweliksbevestigers kon optree of vir uitsaai geleenthede by die SAUK toegelaat is (vgl. Burger, 1987:239-242).

2.7 Opsomming

Bogenoemde redes is verantwoordelik dat teologiese opleiding binne die AGS in die wiele gery is en steeds kommer wek. Sedert Februarie 1919 kon pastore as huweliksbevestigers optree en vanaf 4 April 1960 vir uitsaaigeleenthede by die SAUK toegelaat word (vgl. Burger, 1987:242; 296-297). 'n Analise van die AGS-pastoor se huidige situasie sal vervolgens onder die loep geneem word.

3. Analise van die AGS-pastoor se huidige situasie

3.1 Inleiding

'n Analise van die huidige situasie is deur 'n kwalitatiewe ondersoek bekom (Putter, 2006:81-110). 'n Deel van die AGS-lidmatetal is deur die AGS-hoofkantoor geselekteer as verteenwoordigers van die breër AGS-kerk om aan die navorsingsondersoek deel te neem (vgl. Holliday, 2002:5; Burns & Grove, 1993:58). Hulle is doelgerig geselekteer om aan die navorsingsvereistes te voldoen en die nodige inligting te verskaf ten opsigte van die rolverwagtings wat van die pastoor gekoester word (vgl. Creswell, 1994:148). Deelnemers is uit die volgende groeperings geselekteer: getroudes, tieners, senior burgers, leiers en nie-aktiewe AGS-lidmate sowel as voltydse AGS-pastore.

Met behulp van die AGS-hoofkantoor is werkswinkels regoor die land gehou. Dié werkswinkels was op 'n ewekansige wyse aangebied aan al die gemeentes in die AGS, ongeag verskille in kultuur, taal en ekonomiese omstandighede, en het plattelandse sowel as stedelike gemeentes ingesluit (vgl. Holliday, 2002:41; Mouton, 1996:135). By al die werkswinkels is die ses kriteria gehandhaaf waaraan deelnemers, volgens Van Kraam (aangehaal in Polkinghorne, 1989; Holliday, 2002:57), moes voldoen. Verder het al die deelnemers aan die ondersoek, nadat hulle ingelig is oor die aard en doel van die ondersoek en van vertroulikheid verseker is (vgl. Lincoln & Guba, 1985:192; Creswell, 1994:147-148), hulle name op 'n presensielys aangeteken ten einde skriftelik toestemming te verleen dat inligting vir navorsing gebruik mag word.

Die navorser kon niks toevoeg, weglaat, verdraai of verwring nie, maar slegs die ondersoek fasiliteer. 'n Objektiewe benadering is sover moontlik gehandhaaf. Die navorsingsvraag was: "Wat is die rolverwagtings van die AGS-pastoor?" Tydens die werkswinkels is deelnemers aangemoedig om alles moontlik te noem wat na hulle mening die rolverwagtings van die pastoor behels. Veldnotas is deur

middel van sleutelwoorde en -frases gemaak om waarnemings aan te teken. Die aantekeninge is later breedvoerig aangevul.

Die inligting wat uit die werksinkels verkry is, is volgens Tesch (aangehaal in Creswell, 1994:154) se beskrywende metode van analise verwerk. 'n Kundige van sowel die teologie as kwalitatiewe navorsing is as onafhanklike kodeerder aangestel. Nadat die gesprekke getranskribeer en gekodeer is, is 'n protokol vir die analise van die data aan die onafhanklike kodeerder verskaf. Sy het die data onafhanklik gekategoriseer en gekodeer, waarna die inligting vanuit 'n teologiese agtergrond met die navorser bespreek en saamgestel is sodat dit deur 'n eksterne kodeerder nagesien kon word om die betroubaarheid (Krefting, 1991:217) van die data te kontroleer. Verskeie konsensusgesprekke tussen die navorser en die eksterne kodeerder het daarna gevolg en die finale en subkategorieë is geïdentifiseer. Die bevindings van die studie is by wyse van 'n literatuurkontrolle met relevante navorsingsbevindings en -literatuur nagegaan om ooreenkomste, verskille en unieke bydraes te identifiseer.

Daar is konsekwent op die deelnemers se belewenis van rolverwagtings van pastore gefokus. Riglyne wat gegenereer word, is gebaseer op die inligting van die deelnemer (vgl. Krueger, 1994:6; Omery, 1983:50). Presies dieselfde stappe is tydens elke werksinkel gevolg, naamlik die daarstelling van 'n verhouding met die deelnemers, verduideliking van die navorsing, toestemming tot deelname, hulle reg tot onttrekking en die stel van die gespreksvraag (vgl. Lincoln & Guba, 1985:316). Daar is rekord gehou van alle data wat uit die werksinkels verkry is. Dit sluit alle notas, navorsingsresultate, datareduksie, -ontleding en -rekonstruksie, samevattinge en die voorlopige skedule en observasieformaat in (vgl. Lincoln & Guba, 1985:319-320).

Tydens die werksinkels is ruimskots tyd vir die invordering van inligting toegelaat en deelnemers kon vryelik aan die bespreking deelneem (vgl. Kielhofner, 1982:67-79). Alle beïnvloeding is vermy om te verseker dat konsepte wat geïdentifiseer is van die deelnemers self afkomstig was. Daar is aan die deelnemers die geleentheid gebied om hulle belewenis van die pastoor se rolverwagtings op die tafel te plaas. Hulle was die primêre bron van inligting en is daarom as die hoofbydraers tot die bespreking beskou.

3.2 Die navorsingsresultate

Onderstaande tabel bied 'n opsomming van die hoof- en subkategorieë (vgl. Putter, 2006:86-87) in die data geïdentifiseer:

Hoofkategorie	Subkategorieë
<ul style="list-style-type: none"> Die persoonlike kenmerke en deugde wat as essensiële bestanddele binne effektiewe rolfunksionering van die pastoor gesien word. 	<p>Die pastoor moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> met die Heilige Gees vervul wees, 'n verhouding met God hê en volgens God se wil leef; selfvertroue en 'n selfkennis demonstreer; deurlopend toeganklik vir die gemeente en gemeenskap wees; deurlopend respek, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, vertroubaarheid, integriteit en eerlikheid demonstreer; deurlopend liefde, omgee, sensitiwiteit, gasvryheid en barmhartigheid in die omgang met ander betoon; deurlopend 'n rolmodel in die geestelike en persoonlike lewe, asook binne interpersoonlike verhoudings wees; aktief betrokke en sigbaar in die gemeente en gemeenskap wees; en deurgaans in voeling wees met die gemeente ten opsigte van die relevansie van die leringe, wat ook aanvoeling vir die gemeente se behoeftes impliseer.
<ul style="list-style-type: none"> Die interpersoonlike vaardighede waarvoor die pastoor moet beskik ten einde effektief binne dié rol te kan funksioneer. 	<p>Die pastoor moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> effektiewe kommunikasievaardighede, effektiewe konflikthantering en mediasievaardighede demonstreer; oor effektiewe besluitnemingsvaardighede beskik; ander kan motiveer en effektief organiseer; en samewerking binne die gemeente, tussen gemeentes asook in die gemeenskap bevorder en bewerkstellig.
<ul style="list-style-type: none"> Die hoofrolle wat die pastoor vervul. 	<ul style="list-style-type: none"> Spirituele/geestelike leier/prediker. Leier en bestuurder. Onderwyser en opleier/bemagtiger. Berader. Maatskaplike werker/fasiliteerder.

<ul style="list-style-type: none">• Die pastoor benodig self volgehoue fisieke, intellektuele, emosionele en geestelike sorg, selfversorging en ontwikkeling.	<p>Die pastoor benodig:</p> <ul style="list-style-type: none">• voldoende tyd vir volgehoue spirituele/geestelike groei;• deurlopende voortgesette onderrig en opleiding in relevante velde – “lewenslange student”; en• voldoende rus en persoonlike tyd vir fisieke en emosionele selfversorging, asook familietyd.
---	---

Bogenoemde kan soos volg saamgevat word:

Dat die pastoor 'n godvresende persoon moet wees, wat met die Heilige Gees vervul is, 'n lewende verhouding met God het en in die volmaakte wil van God lewe, is deurlopend as “ononderhandelbaar” beskryf. Hierdie aspek kan hanteer word indien die pastoor alles moontlik sal doen om dit te bevorder.

Die pastoor moet deurlopend 'n rolmodelfiguur wees. Ten einde al die persoonlike kenmerke en deugde te ontwikkel wat as essensiële “bestanddele” binne die effektiewe rolfunksionering van die pastoor gesien word, is dit belangrik dat die pastoor voortdurend volgehoue, intellektuele, emosionele en geestelike ontwikkeling deur middel van voortgesette onderrig en opleiding in relevante studieverde sal ontvang.

Die interpersoonlike vaardighede waarvoor daar beskik moet word ten einde effektief binne die rolle van geestelike bemagtiger, prediker, leier, bestuurder, onderwyser, opleier, berader, maatskaplike werker en fasiliteerder te kan funksioneer, noodsaak dat die pastoor oor effektiewe kommunikasie-, konflikhanterings-, mediasie- en besluitnemingsvaardighede sal beskik. Dit sal die verhouding met die medemens bevorder. Wat die verhouding met die medemens betref, moet deurlopend liefde, omgee, sensitiwiteit, gasvryheid en barmhartigheid in die omgang met mense betoon word.

'n Literatuurkontrole het die noodsaaklikheid van voortgesette akademiese opleiding aan pastore verder bevestig, indien hulle aan die verwagte rolfunksionering wil voldoen wat uit die empiriese studie na vore gekom het.

4. Literatuurkontrole

Die resultate van die navorsing is met relevante literatuur en soortgelyke studies vergelyk om te bepaal watter ooreenkomste, verskille en unieke bydraes deur die studie blootgelê is (vgl. Putter, 2006: 111-146). Die navorsing van Basson (1996), De Kok (2001), Gibbs

en Coffey (2001), Nel (2002), Maré (2003) en Hattingh (2005) is in detail bespreek. Barna (1993; 1998; 2001), Malphurs (1999a; 1999b), Placher (2004) en Gibbs (2005) het ook relevante kommentaar gelewer oor enkele aspekte van teologiese opleiding wat ter sprake gekom het. Uit die literatuurkontrole blyk 'n opwindende moontlikheid dat teologiese opleiding wêreldwyd geëvalueer en ontwikkel kan word. Dit behoort interessante geleenthede aan die pastoor te bied om sy/haar akademiese ontwikkeling voort te sit. Samevattend blyk die volgende uit die literatuurkontrole:

- Praktykgerigte opleiding kan pastore help om verskillende onontbeerlike vaardighede te ontwikkel, sonder dat afbreuk gedoen word aan deeglike teologiese opleiding. Pastore het byvoorbeeld praktiese sielkundige kennis nodig vir berading, maar het teologiese akademiese voortreflike opleiding nodig om aan die eise in hierdie verband te voldoen. Hulle moet relevant en na aan hulle mense wees. Hulle moet opgelei word om Bybelse waarhede in die hedendaagse situasie te kan toepas. Dat goeie Bybelse kennis en hermeneutiese vaardighede essensieel is vir effektiewe funksionering van die hedendaagse pastoor, het feitlik deurgaans geblyk. Hierbenewens is eksegetiese vaardigheid, Bybelkennis, teologie en kerkgeskiedenis ook noodsaaklik.
- Die vorming van die pastoor, wat onder andere karakterbou, persoonlike leierskappe en verhoudings insluit, staan ook in direkte verband met die pastoor se Bybelkennis, gerugsteun deur gebed. Eienskappe soos nederigheid, respek, liefde, integriteit en diensbaarheid is geïdentifiseer as Christelike karakterelemente.
- Daar word toenemend op 'n meer dinamiese leierskap gekonsentreer. Daar is 'n behoefte aan pastoreopleiding in 'n wye reeks leierskapsvaardighede, wat strek van beplanning, organisasie en bemarking tot prediking, die mobilisasie van lidmate, musiek, aanbidding en tegniese bedieningsvaardighede. Gemeentebestuur en bediening is een van die groter opleidingsbehoefte by teologiese seminariums.
- Die belangrikheid vir pastore om gesonde verhoudings te kan bou met hulself, hulle families, gemeentede en die breë gemeenskap, wat 'n multikulturele gemeenskap insluit, word beklemtoon. Aangesien kommunikasievaardighede soveel fasette van die pastoraat raak, moet dit deel wees van die toerusting waarvoor 'n pastoor deurlopend moet beskik.
- 'n Lewenslange mentorsverhouding tussen dosent en student, waar die geestelike groei van die pastoor geëvalueer en verhoog

word, word al hoe noodsaakliker. Navorsers het aangetoon dat die ATS se dosente reeds 'n groot bydrae lewer wat betref die spiritualiteitsontwikkeling van die student.

- Die beskerming van kwaliteitopleiding word deurgaans beklemtoon. Kerke en teologiese instellings moet beseft dat hulle van mekaar afhanklik is, en baie nouer moet saamwerk om te voorsien in die verwagte toenemende behoefte aan voortgesette opleiding vir pastore. Daar moet gesorg word dat opleiding deurlopend na nuwe en groter hoogtes gevoer sal word.

Die navorsingsondersoek en die literatuurkontrole het dit moontlik gemaak om sekere riglyne vir voortgesette akademiese ontwikkeling daar te stel.

5. Samevattende riglyne soos blyk uit die navorsings-ondersoek en die literatuurstudie

5.1 Opleiding in hoofrolle word toenemend belangriker

Dit het duidelik uit die navorsing en literatuurstudie geblyk dat pastore (Putter, 2006:81-146) onder meer effektiewe en relevante predikers, kerkleiers, beraders, maatskaplike werkers en fasiliteerders moet wees. Hierbenewens moet hulle lidmate deurlopend in 'n verskeidenheid lewensvaardighede oplei. Dit strek van die keuse van 'n huweliksmaat en gesinsbeplanning tot by finansiële beplanning, wat onteenseglik voortgesette opleiding vir pastore sal vereis.

Pastore se rol as leiers in die gemeenskap is deurgaans beklemtoon. Dit toon duidelik dat die botsende houdings van die AGS en die samelewing iets van die verlede is.

Verder is benadruk dat pastore toenemend kenners moet wees van die belange van die verskillende kulture in die gemeenskap en hulle moet weet hoe om dit tot bevordering van die Koninkryk van God aan te wend (vgl. Easum, 2001:1-47; Kimbal, 2003:91-133; Sweet, 1999:43-144).

In die lig van die toenemende eise wat aan die voortgesette opleiding van pastore gestel word, word dit dus al hoe belangriker dat alle teologiese seminariums en universiteite in Suid-Afrika sal insien dat hulle aandeel aan hierdie voortgesette opleiding van kritieke belang is. Pastore word immers hier voorberei om gelowiges toe te rus om die missionêre opdrag van die kerk uit te voer (Hendriks, 2004:128). Dit is immers hoe die Koninkryk van God uitbrei.

5.2 Interpersoonlike vaardighede moet ontwikkel word

Die aanleer van interpersoonlike vaardighede bevorder soveel fasette van die pastoraat dat dit 'n vereiste vir voortgesette akademiese ontwikkeling is. Teologiese instellings kan 'n besondere bydrae lewer om pastore se interpersoonlike vaardighede deur middel van voortgesette opleiding met spangesprekke en mentorskap te verbeter. Dit voorkom dat hulle stagneer en onnodig aan hulle aangeleerde verouderde denkpatriere vashou.

5.3 Die rolverwagtings aan 'n pastoor gestel vereis deurlopende begeleiding, ontwikkeling en vorming

Dit is duidelik dat teologiese opleidingsinstellings pastore moet begelei en hulle verder moet help vorm, aangesien teologiese opleiding veel meer is as net die oordra van teologiese kennis en insig. Dit is ook vorming. Die belangrikheid van 'n evalueringstelsel vir teologiese seminariums om te monitor hoe effektief studente/pastore aan die rolverwagtings voldoen, asook hulle volgehoue geestelike, fisieke, intellektuele en emosionele sorg, koestering en ontwikkeling, het in die navorsing duidelik na vore gekom.

Nuwe riglyne vir rolspelers is geïdentifiseer om voortgesette akademiese ontwikkeling vir pastore te bevorder.

6. Riglyne vir rolspelers

6.1 Bewusmaking van die voordele wat voortgesette akademiese ontwikkeling vir die pastoor en die breër kerk inhou

Pastore wat hul akademiese studie voortsit ervaar daagliks dat hulle opnuut persoonlik verryk en vervul word – dit hou groot moontlikhede vir bevordering van die Koninkryk van God in (vgl. Maré, 2005:437-441; Putter, 2006:188-192; Olwage, 2007:1-9). Volgens Hattingh (2007:1) is die aantal nagraadse ATS-studente wat gedurende 2007 hulle grade by onderskeie universiteite ontvang het soos volg:

- | | |
|----------------------------|----|
| • B.A. Honneurs (Teologie) | 24 |
| • M.A. | 4 |
| • D.Litt. et Phil. | 4 |
| • Totaal | 32 |

Die aantal nagraadse studente wat in 2008 by die ATS geregistreer het, motiveer die waarde van voortgesette akademiese ontwikkeling verder deurdat inskrywings toeneem. Volgens Hattingh (2008:1) lyk die aantal registrasies soos volg:

• B.A. Honneurs (Teologie)	14
• M.A. (Magister)	21
• D.Litt. et Phil.	9
• Totaal	44

Die AGS-hoofkantoor en alle rolspelers behoort bewus gemaak te word van die volgende voordele wat, volgens die navorsingsbevindings, voortgesette akademiese ontwikkeling sal motiveer:

6.1.2 Ontwikkeling in die verskeie rolverwagtings wat aan die pastoor gestel word

Eerstens kan pastore se Bybelkennis, hulle sterkpunte en aspekte waar ontwikkeling nodig is, hulle verhouding met alle mense en ander relevante sake verbeter en uitgebou word (Putter, 2006:179). Tweedens kan hulle sekere vaardighede by spesialiste aanleer en dit effektief op alle gebiede toepas (Maré, 2005:445). Derdens kan voortgesette opleiding pastore vir sekere noodsaaklike bedieningsrolle ontwikkel en toerus (Gibbs & Coffey, 2001:109; Nel, 2002:152-153), en vierdens kan voortgesette opleiding dien as stimulus vir volgehoue geestelike groei by die pastoor (Placher, 2004:41-42).

6.1.3 Bevorder beter voorbereiding ten einde aansoek te doen om beroepe in die kerk en ook ander verwante beroepe

In tydskrifte en koerante adverteer plaaslike gemeentes vakatures vir voltydse poste wanneer die behoefte aan 'n nuwe gemeentepastoor ontstaan (vgl. *Pinksterboodskapper*, 2005; 2006a; 2006b). In die advertensies word sekere rolverwagtings vir die pastoor uiteengesit. Navorsing het aangetoon dat pastore wat oor nagraadse kwalifikasies beskik, en met voortgesette opleiding besig is, met groter vertroue aansoek kon doen vir poste in plaaslike gemeentes sowel as in die privaatsektor, as pastore daarsonder (vgl. Van Niekerk, 2000:356). Van Niekerk (2000:357) stel dit dat: “[D]it tot voordeel van die samelewing is, maar die kerk verloor so baie van sy opgeleide mense vir die voltydse bediening.”

6.1.4 Groter vervulling, werksbevrediging en persoonlike verryking

Die kursusse by die ATS, stimuleer die pastoor se intellektuele vermoëns, wat verder meebring dat verkwikkende nuwe energie onder pastore vrygestel word (Maré, 2005:437-441; Putter, 2006:188-192; Olwagen, 2007:1-9). Hierdeur word verdere lees, navorsing en persoonlike selfdissipline onder pastore bevorder.

6.1.5 Om relevant, ingelig en tersaaklik te funksioneer ten opsigte van die hedendaagse mens se behoeftes

Mense het tans uiteenlopende, gekompliseerde en unieke sienswyses, dus moet daar versigtiger na hulle geluister word (Hattingh, 2006). Pastore moet, volgens die navorsingsresultate, deurlopend relevant, ingelig en tersaaklik funksioneer – iets wat jong pastore wat voltyds in die bediening wil staan en direk ná skool teologiese opleiding ondergaan, dalk nie altyd besef nie.

6.1.6 Skep van nuwe mentorskappe, begeleidings en vriendskappe

Die waarde van 'n persoonlike mentor vir die pastoor blyk duidelik. Die ATS en verskeie ander universiteite se dosente help nie net met mentorskap nie, maar dra ook by tot die vorming van die pastoor se karakter. Verder word die pastoor aan nuwe motiverende en geestelik verrykende vriendskappe by die teologiese instellings blootgestel.

6.1.7 Bied die geleentheid vir pastore om in spanverband saam te werk en te ontwikkel

Die vrese van die ouer generasie pastore wat deur onderrigmetodes afsonderlike, individualistiese denkpatrone gevorm het, kan uit die weg geruim word wanneer hulle bewus gemaak word van voortgesette teologiese onderrig in spanverband.

6.1.8 Die blootstelling aan wyer teologiese perspektiewe

Deur voortgesette akademiese opleiding kry pastore wyer insig in teologiese perspektiewe, sodat hulle groter begrip kan toon vir kritieke lewensvraagstukke waarmee mense in ons tyd worstel. Pastore word ook bekend gestel aan nuwe en wyer denkrigtings, wat hulle leefwêreld onvermydelik uitbrei en ontwikkel, hulle persoonlike vaardighede uitbou en hulle in staat stel om nuut oor teologiese sake te dink. Pastore sal hierdie saak met groter erns moet bejeën,

sodat hulle nie bekend staan as 'n elitistiese, irrelevante groep voltydse werkers in die kerk, met 'n eie vaktaal wat slegs deur 'n klein groepie gelowiges verstaan word nie (Joubert, 2001:194-195).

6.2 Voorstelle vir voortgesette akademiese ontwikkeling en die skep van 'n nuwe kultuur in die AGS

Aangesien voortgesette opleiding vir pastore 'n sensitiewe onderwerp is, sal die skep van 'n nuwe kultuur baie sensitief en versigtig beplan moet word. Die volgende voorstelle word vir die AGS-hoofkantoor, teologiese instellings, streeksrade, plaaslike gemeentes en pastore beskikbaar gestel, sodat beter bekendmaking- en toerustingsmetodes 'n realiteit kan word.

6.2.1 AGS-hoofkantoor

Die ideaal van goeie voortgesette opleiding moet deur die AGS se bestuur en alle rolspelers beplan en bestuur word sodat 'n ondubbelstellige en verantwoordelike standpunt oor die immer teenwoordige dualisme tussen die geestelike terrein en die akademie ingeneem kan word.

Verskeie stappe is moontlik om hierdie ideaal te verwesenlik. Dit sluit in:

- pastorale skrywes oor voortgesette akademiese ontwikkeling en die beskikbaarstelling van nuwe inligting oor kursusse;
- die beklemtoning van die etiese sy van die verwerping van kwalifikasies (in 'n tyd waarin kwalifikasies van twyfelagtige aard wyd beskikbaar is, behoort die aksent op wetenskaplike en relevante opleiding te val);
- gesprekke met verskillende kerkleiers;
- uitbouing en bevordering van die pastoor se beeld;
- verpligte evaluering van pastore;
- die skep van 'n nuwe kultuur waar voortgesette opleiding deel van die pastoor se goddelike roeping uitmaak.

6.2.2 Teologiese instellings

Teologiese instellings kan die volgende doen:

- Seminare reël waar pastore hulle kennis van effektiewe rolfunksionering en die waarde van goeie, erkende opleiding uitbrei;

- alle inligting oor teologiese kursusse aan alle belanghebbendes beskikbaar stel en 'n relevante voortgesette akademiese ontwikkelingsprogram saamstel en bemark;
- pastore wat reeds in die bediening staan en wat by voortgesette opleiding baat gevind het, gebruik om ander pastore te bemoedig en tot voortgesette opleiding te begelei;
- rekenaartegnologie benut vir onder andere e-poskommunikasie, 'n webblad met inligting oor voortgesette akademiese ontwikkeling, toegang aan alle pastore tot die webbladsy vir relevante inligting en opdragte om vir merietedoeleindes te voltooi, 'n daaglikse opgraderingsdatabasis wat onder andere toegang bied tot leermateriaal en die nuutste kursusse;
- relevante leeswerk aan pastore voorlê waaroor die pastoor 'n resensie moet skryf wat kwartaalliks gemonitor word; en
- artikels in vak- en ander tydskrifte skryf.

6.2.3 Plaaslike gemeentes

Gemeentes kan betrokke raak by pastore se voortgesette akademiese ontwikkeling en daardeur self ook tot deurlopende groei aangespoor word, deur:

- te begroot vir voortgesette ontwikkeling en finansiële voordeel as aansporingsmaatreël vir die pastoor, asook vir deelname van die pastoor aan 'n mentorprogram;
- die pastoor se teologiese akademiese vordering deurlopend te evalueer en te monitor;
- te konsentreer op die voordele van voortgesette akademiese ontwikkeling eerder as om onrealistiese rolverwagtings aan pastore te stel;
- saam met die AGS-hoofkantoor en ander rolspelers toesig te hou oor die leer en lewenswandel van die pastoor; en
- deurlopend aandag te gee aan pastore se gawes en talente wat ontwikkel moet word en ook vir hulle te bid, hulle aan te moedig en te motiveer.

6.2.4 Streeksrade

Streeksrade, as middelvlakbestuur in die AGS, kan 'n sleutelbydrae lewer deur:

- deurlopend voortgesette akademiese ontwikkeling onder pastore aan te moedig, deur die enkele pastoorsbidure wat pastore binne geografiese streeksverband moet bywoon beter te benut en andersyds, deur pastore in samewerking met teologiese seminariums te motiveer tot voortgesette akademiese studie;
- spanverwante geleenthede, soos studiegroepe en ondersteuningstelsels, onder pastore aan te moedig;
- vir voortgesette opleiding te begroot, veral waar pastore graag by opleiding betrokke wil raak, maar hulle gemeentes nie finansiëel daartoe kan bydra nie; en
- kundiges uit teologiese en ander vakgebiede nooi om voordragte by byeenkomste te lewer.

6.2.5 Pastore

Pastore is die sentrale figure in voortgesette ontwikkeling. Hulle is persone wat werksdruk ervaar, geldtekorte beleef, wat twyfel of voortgesette opleiding die moeite werd is, en wat uiteindelik die werk wat voortgesette studie verg, moet aanpak. Pastore moet oortuig word om aan voortgesette opleiding deel te neem deur:

- deurlopend daarvan bewus gemaak te word dat voortgesette akademiese ontwikkeling nodig is om effektiewe rolfunksionering moontlik te maak;
- verantwoordelikheid te aanvaar, in samewerking met die kerk, vir hulle eie ontwikkeling oor 'n wye spektrum, en ook ander pastore te motiveer deur artikels in hulle amptelike kerkblad te plaas oor persoonlike verryking as gevolg van voortgesette opleiding;
- gemotiveer te word om in 'n mentorverhouding te staan met 'n dosent van 'n teologiese seminarium of 'n kollega wat potensiaal-ontwikkeling aanmoedig; en
- voortgesette studie te sien as deel van hulle roeping.

Van beginnerpastore kan vereis word om vir ten minste twee jaar saam te werk met 'n dosent van 'n teologiese instelling wat voortgesette akademiese ontwikkeling aanmoedig. Dit blyk duidelik dat die AGS-hoofkantoor en ander belanghebbendes spesifiek moet bydra tot die vestiging van 'n nuwe kultuur onder pastore om voortgesette akademiese ontwikkeling te verwesenlik. Dit sal geduld kos om die tradisionele pastoor daarby te betrek, maar indien hierdie proses met oorleg voorgestel word en met oortuiging aangepak

word en al die ander praktiese voordele daaraan verbonde uiteengesit word, kan dit die pastoor tot optrede aanvuur.

6.3 Riglyne vir toekomstige studie

Die volgende belangrike riglyne vir toekomstige studie word kortliks uitgewys:

- Deurlopende navorsing, wat gereelde kursusevaluering insluit, behoort gedoen te word om vas te stel of die inhoud van voortgesette akademiese ontwikkeling in teologiese instellings van die AGS relevant is.
- In die toekoms is deurlopende navorsing onder pastore en lidmate nodig, hetsy stedelik of plattelands, om vas te stel hoe hulle die voortgesette akademiese ontwikkeling van die pastoor beleef.
- Aangesien die onderhawige studie op kwalitatiewe navorsing gebaseer is, skep dit die moontlikheid vir verdere kwantitatiewe navorsing waarin die resultate van die huidige studie aan die hand van vraelyste by 'n groter verteenwoordiging van pastore getoets kan word.
- Dit is veral van kritieke belang dat alle kerke en hulle leierskappe sal toesien dat die verwerping van twyfelagtige kwalifikasies wat pastore kan behaal, ten sterkste afgekeur word. Die AGS se hantering hiervan sal 'n beduidende faktor wees wat geloofwaardige voortgesette ontwikkeling tot sy reg sal laat kom en pastore terselfdertyd daarteen sal beskerm om akademiese erkenning te verwerf wat nie eties verantwoordbaar is nie.

6.4 Slotopmerkings

Wat duidelik geblyk het in die studie is dat die vestiging van 'n kultuur van voortgesette akademiese ontwikkeling en effektiewe opleiding 'n lang proses sal wees. Dit sal nie alleen 'n spanpoging van die hele kerk verg nie, maar ook opofferings en voortdurende navorsing om voortgesette teologiese opleiding te bevorder. Die kerk moet in die geheel deur teologiese opleiding gehelp word om sy mense beter te versorg en die kerk se missionêre karakter te bevorder. Spesialiteitsopleiding en daarmee gepaard, geestelike vorming, kan verlore gaan wanneer plaaslike gemeentes en streeksrade self pastore wil oplei. Die kwaliteit van die opleiding kan daardeur verlaag word en opleiding kan die gevaar loop om net op die praktyk te fokus. Die oplossing is dat die kerk in die geheel sal besef dat pastore nie sonder spesialiteitsopleiding werklik effektief

kan funksioneer nie. Die grootste uitdaging vir pastore lê daarin om by voortgesette opleiding betrokke te raak en nie toe te laat dat vrese en onsekerhede hulle daarvan weerhou nie.

Geraadpleegde bronne

ABV

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Algemene Besigheidsvergadering.

AGS

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. 2005. Algemene Besigheidsvergadering. Johannesburg.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad. 1909. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad. 1932. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad. 1950. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad. 1954. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad. 1957. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad. 1969. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Werkersraad. 1936. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Kleurlingkuratorium. 1970. Notules. Kuilsrivier: Sarepta Teologiese Kollege.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Sendingkomitee. 1964. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Swart Werkersraad. 1964. Notules. Johannesburg: AGS-argief.

BARNA, G. 1993. *Today's pastore*. Ventura: Regal.

BARNA, G. 1998. *The second coming of the church*. Waco: Word.

BARNA, G. 2001. *Boiling point*. Ventura: Regal.

BASSON, G.J. 1996. 'n Prakties-teologiese teorie vir leierskap vanuit 'n kerkgroei perspektief. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (D.Th.-proefskrif.)

BURGER, I.S. v.d. M. 1987. *Geskiedenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika*. Braamfontein: Evangelie Uitgewers.

BURNS, N. & GROVÉ, S.K. 1993. *The practice of nursing: conduct, critique and utilization*. Philadelphia: Saunders.

CRESWELL, J.W. 1994. *Research design: qualitative and quantitative approaches*. Thousands Oaks: Sage.

CRONJÉ, F.H.J. 1976. *Die ATS teologiese kollege*. AGS Werkersraad verslagbundel. Johannesburg.

CRONJÉ, F.H.J. 1979. *Die ATS teologiese kollege*. AGS Werkersraad verslagbundel. Johannesburg.

- DE KOK, P.O. 2001. A relevant curriculum framework for the training of pastore. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (M.Ed. dissertation.)
- DE WITT, P.J.H. 2008. Mondelinge mededeling aan AGS-hooftesourier. Centurion. (Kassetopname in besit van die outeur.)
- EASUM, B. 2001. Unfreezing moves: following Jesus into the mission field. Nashville: Abingdon.
- ERASMUS, L.J. 1990. Uitbranding onder Apostoliese Geloof Sending pastore: 'n prakties-teologiese ondersoek. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (M.Th.-verhandeling.)
- ERASMUS, L.J. 1996. Theological education in the Apostolic Faith Mission of South Africa. Pretoria: University of South Africa. (D.Th. thesis.)
- EYBERS, I.B., KÖNIG, A. & STOOP, J.A. 1978. Inleiding in die teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- GIBBS, E. 2005. Leadership next: changing leaders in a changing culture. Leicester: InterVarsity.
- GIBBS, E. & COFFEY, I. 2001. Church next: quantum changes in Christian ministry. Leicester: InterVarsity.
- HATTINGH, W.J. 2005. Prinsipaal verslag van die Aucklandpark Teologiese Seminarium. Johannesburg.
- HATTINGH, W.J. 2006. Gespreknotas met prinsipaal van die Aucklandpark Teologiese Seminarium. Johannesburg. 17 Feb.
- HATTINGH W.J. 2007. Die Aucklandpark Teologiese Seminarium verslag aan die AGS-Nasionale Leierskap Forum. Johannesburg, Nov.
- HATTINGH, W.J. 2008. Die Aucklandpark Teologiese Seminarium verslag aan die AGS-Nasionale Leierskap Forum. Johannesburg, Mar.
- HENDRIKS, H.J. 2004. Studying congregations in Africa. Wellington: Lux Verbi.BM.
- HOLLIDAY, A. 2002. Doing and writing: qualitative research. Thousands Oaks: Sage.
- HÖLSCHER, F. 1976. Sosiologiese studie van die glossolalie verskynsel in die Christelike godsdienst. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (M.Th.-verhandeling.)
- JOUBERT, S.J. 2001. Teologiekroniek: die relevansie van teologie in millennium drie. *Verbum et ecclesia*, 22(1):191-197.
- KIELHOFNER, G. 1982. Qualitative research. Part 1: Paradigmatic grounds and issues of reliability and validity. *Occupational therapy journal of research*, (3):67-79.
- KIMBAL, D. 2003. The emerging church. Grand Rapids: Zondervan.
- KREFTING, L. 1991. Rigor in qualitative research: the assessment of trustworthiness. *American journal of occupational therapy*, 45(3):214-222.
- KRUEGER, R.A. 1994. Focus groups. Thousand Oaks: Sage.
- LINCOLN, Y.S. & GUBA, E.G. 1985. Naturalistic inquiry. London: Sage.
- MALPHURS, A. 1999a. The dynamics of church leadership: ministry dynamics for a new century. Grand Rapids: Baker.
- MALPHURS, A. 1999b. Advanced strategic planning. Grand Rapids: Baker Book House.
- MARÉ, L.P. 2003. AGS-pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (M.A.-verhandeling.)
- MARÉ, L.P. 2005. AGS-pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding. *Verbum et ecclesia*, 26(2):432-446.
- MOUTON, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: Van Schaik.

NBUR

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Uitvoerende Raad.

NBWR

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Blanke Werkersraad.

NEL, M. 2002. Predikante opleiding: roeping, keuring en legimentering. *Verbum et ecclesia*, 23(1):151-167.

NKK

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Kleurlingkuratorium.

NSK

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Sendingkomitee.

NSWR

kyk APOSTOLIESE GELOOF SENDING. Swart Werkersraad.

OLWAGEN, J.M. 2003. Die paradigmaskuif wat 'n tradisionele AGS pastoor moet ondergaan vir effektiewe gemeentemobilisasie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (M.A.-verhandeling.)

OLWAGEN, J.M. 2007. Gemeentemobilisasie deur die ontdekking, ontwikkeling en toerusting van die lidmaat vir dienswerk. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (D.Litt. et Phil.-proefskrif.)

OMERY, A. 1983. Phenomenology: a method for nursing research. *Advances in nursing science*, 5(2):49-63.

PINKSTERBOODSKAPPER, 2005. Amptelike maandblad van die AGS-Kerk. Centurion. 17 April.

PINKSTERBOODSKAPPER, 2006a. Amptelike maandblad van die AGS-Kerk. Centurion. 19 April.

PINKSTERBOODSKAPPER, 2006b. Amptelike maandblad van die AGS-Kerk. Centurion. 28 Mei.

PLACHER, C. 2004. The seminary's impossible task: spread too thin. *Christian century*, 120(4):26-36.

POLKINGHORNE, D.E. 1989. Phenomenological research methods. (In Valle, R.S. & Halling, S., eds. *Existential-phenomenological perspective in psychology: exploring the breadth of human experience*. New York: Plenum.

PUTTER, A.P.J. 2003. Die mobilisering van lidmate in 'n tipiese AGS-gemeente Robertsham. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (M.A.-verhandeling.)

PUTTER, A.P.J. 2006. Die voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastoor. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (D.Litt. et Phil.-proefskrif.)

SCHOLTZ, D.A. 1996. Die voorspelling van beroepsukses onder 'n groep diensdoende predikante. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde Th.D.-proefskrif.)

SWEET, L. 1999. *Soul tsunami*. Michigan: Zondervan.

TERREBLANCHE, S. 2002. *A history of inequality in South Africa: 1652-2002*. Pietermaritzburg: University of Natal.

THOMPSON, L. 1990. *A history of South Africa*. London: Yale.

VAN DEN BERG, J.C. 1991. Die pastoor en lidmaat in die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika: strukturele fasette en bedieningsmodelle. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (M.Th.-verhandeling.)

- VAN DER SPUIY, M.A. 1985. Die spanning tussen vryheid en formalisering ten opsigte van die liturgiese verskuiwings binne die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (M.Th.-verhandeling.)
- VAN NIEKERK, A.S. 2000. Die gesamentlike teologiese oplossing: 'n wonderwerk wat moet werk. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 41(3-4):350-365.
- ZWEMSTRA, H.M. 2007. Die roeping van die kerk ten opsigte van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika: 'n teologies-etiese studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

Kernbegrippe:

AGS-pastoor
akademiese ontwikkeling, voortgesette
teologiese opleiding, geskiedenis van
voortgesette opleiding, riglyne vir

Key concepts:

academic development, continual
AFM pastor
continuing training, guidelines for
theological training, history of

